

Saterdag 24 Oktober

Skrifgedeelte: Maleagi 2:1-4 (1933/53-vertaling)

Fokusgedeelte: Maleagi 2:2

Hoor ... en luister!

In Maleagi 2 lees ons van die priesters wat in besonder geseën is met die gawes om voor te gaan in die aanbidding, die onderrig van God se woord en offers te bring.

'n Seëning is 'n geskenk van God, dit word vrylik gegee. Maar wanneer hierdie seën weggeneem word, is dit 'n vloek. Ons sien ook hoe dit hier gebeur, die priesters se seën word van hulle weggeneem – hulle word vervloek – omdat hulle nie meer luister nie en nie meer God se eer ter harte neem nie. Die gevolg hiervan is dat God die priester se seën om sy diens te verrig, wegneem. Die priesters word onbevoeg en onrein soos een wat met mis besmeer is.

Die priesters het God se Woord gehoor, maar nie geluister nie. In Markus 4 lees ons hoe Jesus die stelling maak: “Wie ore het om te hoor, laat hom hoor.” Dit is die reaksie wat die gelowige juis moet hê wanneer hy of sy die Woord van God hoor ... hulle moet luister en dit ter harte neem.

Dikwels val ons vas in kerklike gebruike en roetines. Ons lees Bybel, bid, gaan kerk toe en doen ons dienswerk, maar ons doen dit sonder ware ywer vir die Here. Soms is onself en die bevordering van ons eie belange die hoofokus van ons geloof en dienswerk. So sien ons hoe ons selfs in ons geloof en dienswerk ongehoorsaam kan wees en nie waarlik God se eer ter harte neem nie. Die gevolg van hierdie ongehoorsaamheid is dat die seën om te dien, weggevat sal word en so in 'n vloek verander word.

Ons het die opdrag om weer te hoor ... en te luister! Dan neem ons God se eer ter harte. Ons lewens moet 'n getuienis wees van wat ons gehoor het sodat ander ook daardeur kan hoor!

Sing: Psalm 103-1:1, 9

Teologiese Student P Hattingh (Philip)